

Die brugbouers het ophou bou : Tim du Plessis (Rapport 2008-03-16)

In die 1980's, toe die land se gemoedstoestand so somber was soos nou, het 'n graffiti-skrywer op 'n muur in Johannesburg geskryf: "Habakuk 5, vers 13: God weet, só kan dit nie aangaan nie."

Natuurlik is daar g'n so 'n Bybelteks nie. Maar die graffiti het die tydsgees goed raakgevat. Terloops, waar is die graffiti-skrywers vandag? Of is almal nou bloggers?

Toe die verkrimp/verlig-stryd onder Afrikaners gewoed het, is op 'n muur geskryf: "Die room van 'n volk is altyd verkrimp."

'n Guitige student het die r van room uitgegee, waarna dit geles het: "Die oom van 'n volk is altyd verkrimp."

Hierop het 'n ander skrywer gereageer met dié klassieke terugsteek: "Maar die antie is OK". Kostelik.

Ernstig: hoekom het die uitsigloosheid van die somer/herfs van 2008 so skielik op die land neergedaal?

Voorverlede Vrydag hoor ek die uitvoerende voorsitter van 'n voorste finansiële instelling sê: Dis my werk om beleggers op te beur, maar ek het die klimaat in die land nog nooit so swaarmoedig beleef soos nou nie.

Is álles die Polokwane-fiasko se skuld? Natuurlik moes Thabo Mbeki, die vasklouer aan mag, uitgesmyt word. Maar toe kry ons Jacob Zuma en nou glo almal buiten die Shaiks die hemel gaan val.

Eskom en Reitz het sekerlik iets te doen met die nasionale depressie. Albei is embleme vir twee groot probleme.

Eskom vir onbekwaamheid en Reitz vir rassisme.

Dialog van die dowes, daardie ou Suid-Afrikaanse kwaal, is terug: Ons word in kampe gejaag en skel op mekaar sonder dat die een die ander hoor.

Julle is rassiste. En julle is onbekwaam. So skreeu ons by mekaar verby. Niks word gedoen aan dié twee wesentliche kwessies nie.

Die stemme van redelikheid raak stiller en verdwyn. Die brugbouers bou nie meer nie, hulle het gaan sit onder die brûe van die verlede.

Nelson Mandela het ons geleer jy moet eers 'n paar myl in die ander man se skoene loop. Waar is vandag se ander-skoenlopers?

Soos noemenswaardige wit stemme wat sê kom ons probeer verstaan waarom swart mense so heftig en emosioneel reageer op die Reitz-video. Waarom hulle eenvoudig nie kán insien dit was "onskuldige studentepret" waaraan die koshuishulpe vrolik deelgeneem het nie.

Wat probeer begryp dat 'n primordiale woede oor skeefgetrekte magsverhoudinge en eeue se onmenslike behandeling vulkanies opkook as hulle so 'n video sien selfs al hê die werkers meegedoen en was die gees goed.

Is daar swart figure van gravitas wat wittes se frustrasie oor "transformasie" en rassekwotas in sport en by die werk probeer verstaan?

Dat dit ní is oor wittes swartes geleenthede misgun nie, maar omdat hulle regtig bekommerd is oor 'n samelewing waar meriete en prestasie ondergeskik gemaak word aan ideologie.

Dat daar by hulle weer 'n primordiale vrees is dat Suid-Afrika kan eindig soos Kenia of Zimbabwe. Weens die ras-ideologiese behepthed van die ANC en die getalle-tirannie waarmee hy regeer.

Die gedeelde ruimtes tussen Suid-Afrikaners is aan die verskraal. Ons sien weer net die verskille raak. En al minder van die gemeenskaplikheid, van dit wat ons deel.

Niemand sien raak hoeveel die land reeds gevorder het met integrasie, met rasse-harmonie en met die oopmaak van deure wat lank toe was nie.

Hoe derduisende wittes nuwe gesindhede gekweek het, omdat hulle wóú. Nie omdat hulle moes nie. Hoe derduisende swart amptenare en bestuurders hul werk bekwaam en pligsgetou doen.

Die sentrum is aan die wegkalwe en niemand bou keerwalle nie.

'n Inklusiewe, nie-rassige Suid-Afrika was sedert 1994 'n geloofwaardige ideaal, 'n vashouplek vir wit en swart waar almal 'n nuwe identiteit kon vind.

Dit het vervaag. Nou kies almal koers na hul hoekies van etniese eensaamheid van voor 1994. Na die uitgediende denkwêreld van 'n vergane era. Soos "Habakuk" geskryf het: só kan dit nie langer aangaan nie.